

**27 May 2020**

## **Parents, Learners and Staff members**

We as staff members are excited that the school will reopen and that we can save 2020. The school is ready and comply to all the necessary requirements to make sure that everybody is safe. We supply you with the following information to prevent any fears. Arrangements are in place to scan the learners daily and to make sure social distancing are applied.

## **COVID-19 INFORMATION**

Schools will at this stage re-open in phases. Therefore, certain sustainable measures need to be put in place. The safety of our learners, all staff members and community need to be guaranteed in order to complete this academic year successfully. Please take note of the following that has been/will be implemented at the school:

### **A. School Environment**

1. No mass gatherings/meetings will be allowed e.g. Assemblies, grade meetings etc.
2. Social distance (minimum of 1.5m) amongst learners/staff will be maintained as far as possible. Learners will be expected to queue patiently and orderly in front of the school gate when reporting for school in the mornings. They will enter one by one in order to maintain proper hygiene and move to indicated areas.
3. Hugging, handshaking and other forms of direct contact will not be allowed.
4. Each learner and staff member will wear a face mask; this will be compulsory. There is a possibility that the Department will most probably issue masks to each learner. Masks for only Staff members have been delivered.  
Apart from this, parents are asked to, as far as possible, provide their child/children with a safety-approved face mask and water bottle for medication purposes.  
Also issue your child with his/her own bottle of hand sanitizer for personal use.  
Staff and learners are expected to sanitize their personal space on a regular basis.
5. All sport, cultural, religious and other events are postponed for the time being. As soon as all the options have been taken into consideration, information on the Matric Farewell will be distributed. Please wait to hear from the school before you start spending any money.
6. School premises, vehicles and general terrain have been sanitized.
7. Classrooms, offices, all toilet facilities, rails on the steps, door frames and handles etc. will be sanitized daily.
8. Soap (handwashing) as well as hand sanitizing apparatus will be in every class that will be in use.

9. Screening (measuring temperatures) and sanitizing of all persons entering the terrain will be compulsory. It will be expected of all persons entering the terrain to answer honestly on Covid-19 questions they might be asked. Any learner with raised temperature will immediately be isolated, and parents called. Staff members will be sent home. School visits by outsiders will not be allowed. Communicate with the school via e-mail ([lanternschool@lanternschool.co.za](mailto:lanternschool@lanternschool.co.za)) or telephone. (011 760 1096)
10. Sanitizing includes hand sanitizing of each person entering the school premises. Hand sanitizing will be available at each classroom as well.
11. The only entrance and exit in use at the school will be the small gate at the main entrance of the hall. This entrance gate will only open at 07:00. For safety reasons, no learner will be allowed on the school premises before 07:00. The only drop off point for the busses will be close to this entrance. All other gates will be closed. Busses for afternoon trips will be parked next to the tuckshop. The school will close at 14:00 in the afternoon. Grade 12 learners will attend extra classes until 15:30. All other learners to be picked up by 14:30. No exception will be made in this regard.
12. During break time there will be strict supervision of groups in specific areas allocated to them. The sport field is out of bounds for now. Visits to the tuck shop as well as bathrooms will be controlled by keeping social distances. It might be a good idea to pack a lunchbox to avoid tuck shop queues.
13. School buses will be disinfected daily. Learners will be sanitised and scanned before they board the bus and it is compulsory to wear a face mask when making use of the bus.
14. Professional help and assistance to deal with social and welfare issues will be available to all Staff and learners on request/if necessary.
15. The Code of Conduct for Learners will be 100% applicable. Covid-19 adaptations will be made to the Code of Conduct where necessary and communicated to learners and parents e.g. Wearing of masks, adhering to Covid-19 arrangements etc.
16. Learners can switch to their Winter School Uniform as the cold weather is with us.

## **B. Academics:**

1. Class groups will be managed taking safe social distancing into account. Where possible spacious venues will be used, or groups divided to smaller numbers. Teachers are currently doing syllabus work with their classes in order to finish with the curriculum. Attention will be given to problem areas. (Which includes work that might have been done during the lockdown period).
2. Absenteeism will be monitored strictly, and parents will be informed whenever a learner is absent from class or school without prior arrangement by parent(s). There will be a policy of zero tolerance of class bunking when such a learner is physically at school. Learners always need to be in their classes for proper control. It is important that we make up lost academic time. Therefore learners should not stay away from school unnecessary. Please keep the school informed if your child is absent.
3. Parents who want to register their child for full-time Home Schooling should please make sure they register at a reliable institution. This remains the parents' choice. Such a parent must officially deregister his/her child at the school by completing the

necessary forms. Parents must apply for home schooling and must wait for the proses to be finalised and permission granted before deregistering the learner at the school. The school will have no further responsibility towards the parent or learner.

**Please take note that there is no guarantee that such a learner will automatically be allowed back into the school at a later stage. The normal application process will have to be followed.**

4. Different grades will according to official information be allowed to return to school on different dates (depending on announcements by the minister): Gr 7 and 12 on 1 June 2020. Other grades will report on dates still to be announced. You will be kept informed.

5. Grade 12 learners will write the full set of examinations, based on covering the entire curriculum. The May/June examinations for the National Senior Certificate (NSC) for Grade 12 will be combined with the October/November exams and rescheduled for November/December 2020.

Marking of grade 12 examination scripts will run up to the end of December 2020.

Moderation, standardisation and release of results will be mid/end of January 2021.

School-based Assessment (SBA) will have to be calculated minus the May/June exams.

Grade 12 will still write preparatory exams in September.

Curriculums of other grades will be reorganised and trimmed. They will be given a adjusted curriculum and assessed on 80%.

6. The distribution process of reports for other grades will be communicated.

Gr 1 to 6 and 8 to 11 Learners must please stay actively involved in the distance learning actions driven by teachers. Parents please support your children in this and contact educators if there are any challenges.

The teachers will continue posting work on D6 and WhatsApp for the grades not returning to school.

It is Parents' responsibility to inform the Grade Head if a child has any underlying medical condition preventing him/her to attend school or be a risk attending during the Lockdown periods. A medical certificate must be handed in.

The importance hereof cannot be stressed enough! Such a learner must NOT attend school. In such cases arrangements will be made with parents on how the learner will be accommodated.

To be able to guarantee the smooth and successful functioning of the school in all its spheres we rely on the co-operation of each learner, teacher, staff member and parent. We must all adjust and become familiar with changing and special arrangements and support each other. We are dependent on one another's support in order to protect our children, staff and community.

Communication between school and parents is important. Stay on top of things and please make use of the **D6 Communicator**. Useful Covid-19 information will be available on D6 from time to time.

Lantern regards

**T Groenewald**  
**Principal**

**27 MEI 2020****Ouers, Leerders en Personeel**

Ons as personeel is opgewonde dat die skool weer heropen en dat ons 2020 kan red. Die skool is slag gereed en voldoen aan al die voorsorgmaatreëls om te sorg dat almal veilig gaan wees. Ons reik graag hierdie inligting aan U uit om vrese te voorkom. Reëlings word getref om die leerders daagliks te toets en te sorg dat sosiale distansiëring sal plaasvind.

**COVID-19 INLIGTING**

Skole gaan stelselmatig heropen word. Daarom is dit nodig om sekere volhoubare maatreëls in plek te stel om te verseker dat ons leerders, alle personeel en gemeenskap veilig bly en ons die skooljaar suksesvol kan voltooi. Neem asseblief kennis van die volgende wat deur die skool geïmplementeer is/ gaan word:

**A. Skoolomgewing**

1. Geen massa-vergaderings/groot byeenkomste soos saalopeninge, graad vergaderings ens. sal toegelaat word nie.
2. Sosiale afstand tussen leerders/personeel (minimum 1.5m) sal gehandhaaf word. Van leerders sal verwag word om netjies, ordelik en geduldig in 'n ry te staan voordat hulle die skoolterrein soggens betree. Hulle sal een-een toegelaat word, sodat higiëne-maatreëls toegepas kan word en dan na spesifieke areas beweeg.
3. Drukkies, handskud en ander vorms van direkte kontak sal nie toegelaat word nie.
4. Elke leerder en personeellid sal 'n gesigmasker dra; dit sal verpligtend wees. Daar is sprake dat maskers deur die departement aan elke leerder voorsien sal word. Die personeel is reeds van maskers voorsien. Ouers word egter aangemoedig om sover moontlik vir hul kind(ers) maskers wat aan die nodige veiligheidstandaarde voldoen, te kry. Daar word ook versoek dat elke leerder, sover moontlik, 'n eie bottel handontsmettingsmiddel sal saambring skool toe vir eie gebruik asook 'n waterbottel om saam met hul medikasie te gebruik. Personeel en leerders is verantwoordelik vir die gereelde ontsmetting van hul persoonlike ruimtes. 5. Alle sport, kulturele, religieuse en ander byeenkomste/uitstappies word vir die huidige op die lange baan geplaas.. Sodra alle opsies oorweeg is, sal Graad 12 leerders inligting oor die Matriekafskeid ontvang. Moet asseblief nie op hierdie stadium onnodige uitgawes aangaan nie.
6. Die skoolterrein, voertuie en algemene terrein is ontsmet en ons sal voortgaan met ontsmetting volgens die voorgeskrewe riglyne.
7. Klaskamers, kantore, alle kledkamers (toilette), traprelings, deurkosyde en handvatsels ens. sal daagliks ontsmet word.
8. Kledkamers is toegerus met handseep-aparate asook handreinigingstoestelle.

9. Neem van temperatuur en ontsmetting van alle persone wat die terrein betree sal verpligtend wees. Van persone sal ook verwag word om eerlik op sekere Covid-19-gebaseerde vrae wat aan hulle gestel mag word te antwoord. Enige leerder/personeel met 'n hoë temperatuur sal onmiddellik geïsoleer word en die ouers geskakel word. Personeel sal huistoe gestuur word. Besoeke aan die skool deur buite-persone word nie toegelaat nie. Kommunikeer asb. met die skool deur middel van epos ([lanternschool@lanternschool.co.za](mailto:lanternschool@lanternschool.co.za)) of per telefoon (011 760 1096)
10. Ontsmetting sal in die vorm van handreiniging by die toegangshek geskied; dit vind plaas wanneer die terrein betree word. In klaskamers sal handreiniging ook beskikbaar wees.
11. Slegs die klein hekkie by die saal se voorportaal sal toegang tot die terrein verleen. Die toegangshekkie sal eers vanaf 07:00 oop wees. Agv. veiligheidsredes sal geen leerder voor 07:00 op die terrein toegelaat word nie. Busse sal ook so na as moontlik aan die spesifieke ingang stop. Alle ander hekke sal gesluit bly. Busse vir middagrit sal langs die snoepie geparkeer wees. Die skool sluit om 14:00. Graad 12 leerders sal ekstra klasse bywoon tot 15:30 op Maandae tot Donderdae. Alle ander leerders moet afgehaal wees teen 14:30. Geen uitsondering in die verband sal gemaak word nie.
12. Daar sal streng toesig/kontrole tydens pouses wees en besoek aan die snoepie asook badkamers sal gekontroleer plaasvind deur sosiale afstand toe te pas. Die sportveld is vir nou, buite perke. 'n Goeie idee is dalk om eie eetgoed (kosblik) saam te bring om sodoende lang rye by die snoepie te vermy.
13. Skoolbusse sal daaglik ontsmet word. Leerders sal ontsmettings middels moet gebruik en hul temperatuur sal gemeet word wanneer die bus betree word en die dra van 'n gesigsmasker is verpligtend.
16. Professionele hulp en ondersteuning m.b.t. sosiale-en maatskaplike situasies is tot alle leerders en personeel se beskikbaarheid indien verlang word.
17. Die Gedragskode vir Leerders is steeds 100% van toepassing. Sekere Covid19-aanpassings soos bv. die verpligte dra van maskers en ander Covid-19maatreëls, sal gemaak en aan leerders en ouers gekommunikeer word.
18. Leerders mag oorskakel na Wintersdrag, aangesien die koue seisoen op hande is.

## **B. Akademie**

1. Klasgroepe sal hanteer en sosiale afstand in ag geneem word. Groter lokale sal waar moontlik gebruik word of groepe opgedeel word om getal leerders te verminder. Die Gr 7 leerders sal lokaalgebonde wees en die onderwysers sal rondbeweeg. Graad 12 leerders sal lokaalgebonde wees tydens eerste ses periodes van die dag en daarna wissel vir hul keusevakke. Daar word sillabuswerk met leerders hanteer sodat die kurrikulum betyds afgehandel kan word. Aandag sal weer aan probleemareas (sluit ook sommige werk wat gedurende die grendeltydperk hanteer is, in) geskenk word.
2. Afwesighede sal streng gemonitor en ouers in kennis gestel word indien 'n leerder sonder vooraf-reëling deur ouer(s) van 'n klas of skool afwesig is. Daar sal elke periode presensie geneem word. 'n Beleid van geen verdraagsaamheid sal t.o.v. klas"bank" toegepas word indien so leerder wel by die skool is. Leerders moet te alle tye in hul klasse wees ter wille van goeie kontrole. Dit is belangrik dat ons verlore akademiese inhaal, daarom vra ons dat leerders nie onnodig wegbly nie. Hou die skool asseblief ingelig!

3. Ouers wat verkies om hul kind(ers) voortaan vir voltydse Tuisskoolonderrig te registreer word gemaan om betroubare instansies te nader hiervoor. Dit bly die ouer(s) se keuse. Ouers moet egter die voorgeskrewe vorms by die skool voltooi om hul kind(ers) te deregistreer. Die registrasie proses vir tuisonderrig moet afgehandel word voordat die leerder amptelik die skool kan verlaat. Die skool sal dan geen verdere verpligting teenoor die leerder of ouer(s) hê nie.

**Neem asseblief kennis dat so leerder nie outomaties weer tot die skool toegelaat sal word nie. Die normale aansoekproses sal gevolg moet word.**

4. Verskillende grade sal volgens amptelike inligting op verskillende datums weer skool mag bywoon (onderhewig aan verandering soos deur minister bepaal): Graad 7 en 12 op 1 Junie 2020. Ander grade sal soos datums bekendgemaak word, deurgegee word.
5. Graad 12-leerders sal die volledige stel eksamens skryf; sal gebaseer wees op die hele kurrikulum. Die Mei/Junie-eksamens vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) vir Graad 12 sal met die Oktober/November-eksamens gekombineer en geherskeduleer word vir November/Desember 2020.  
Die nasien van graad12-antwoordstelle sal tot die einde van Desember duur.  
Moderering, standaardisering en bekendmaking van uitslae sal teen middel/einde Januarie 2021 geskied.  
Skoolgebaseerde Assessering (SBA) sal bereken word minus die Mei/Junie-eksamens.  
Graad 12-leerders sal steeds die voorbereidende eksamens in September aflê.  
Kurrikulums van ander grade sal ge-herorganiseer en afgerond word. Hulle sal 'n aangepaste kurrikulum volg en oor 80% geassesseer word.
6. Die verspreiding van rapporte van ander grade sal met u gekommunikeer word.  
Leerders in Gr 1 – 6 en 8 – 11, word aangemoedig om steeds so aktief moontlik aan die afstandsonderrig-aksies met onderwysers deel te neem. Ouers word gevra om alle ondersteuning aan u kind(ers) ten opsigte hiervan te verleen en met onderwysers te skakel indien nodig.  
Die onderwysers sal steeds voortgaan om werk op D6 en watsapp groepe te plaas vir leerders in grade wat nog nie terugkeer skooltoe nie.  
Ouers word versoek om met die betrokke Graadhoof in verbinding te tree sou 'n leerder enige onderliggende mediese toestand hê wat dit vir hom/haar nie moontlik maak nie, of 'n risiko inhou om gedurende hierdie grendeltydperk skool by te woon. 'n Mediese sertifikaat moet ook ingehandig word. Die belangrikheid hiervan kan nie genoeg beklemtoon word nie! In hierdie gevalle sal met die ouer(s) geskakel word oor hoe die leerder ondersteun/geakkommodeer kan word.  
Om die suksesvolle en gladde verloop van die skool in al sy fasette te waarborg, maak ons staat op elke leerder, onderwyser, personeellid en ouer se samewerking.  
Ons moet almal aanpas en op hoogte bly van veranderende en spesiale reëlings.  
Ons is afhanklik van mekaar se ondersteuning om so ons kinders, personeel en gemeenskap te beskerm.  
Kommunikasie tussen skool en ouer bly baie belangrik. Bly asseblief ingelig en raadpleeg die **D6-Kommunikator** gereeld. Ons sal verdere, nuttige COVID19-inligting vir u kennisname daarop plaas.

Lantern-groete

**T Groenewald**  
**Hoof**